

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Maart 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 80:5, 6 (p. 407)

- 5 U, HEER, het ons in vroeër dae / geken, en in u welbehae
'n wynstok uit Egipteland / gebring, en self hier ingeplant;
U het die nasies uitgeroei, / en in hul plek u volk laat groei.
- 6 Sy wortels sprei na alle kante, / sy ranke slaan wyd oor die rante.
Hy dek die hoë bergetop / en klim teen hoë seders op;
hy 't uitgeswaai van see en strand / tot by Eufraat se wonderland.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Gebed

Skrifberyming 12-2:1, 4 (Sb 27)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.
- 4 Ek geloof, met stille aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my
in my sondedood gewek het, / my as Trooster leer en lei.
Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.

Skriflesing: Johannes 15:1-17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:32

Kernvers: Johannes 15:4-5

Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.
(Johannes 15:4-5 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Open 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Efes 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Tema: Christen wees beteken jy is 'n gesalfde van Christus

Geliefde gemeente van Jesus Christus, oor die afgelope vier weke het ons gehoor hoe die gelowige sy vraagsteller onderrig het oor die Naam Christus en hoe Christus steeds sy drievoudige amp van Profeet, Hoëpriester en Koning vir die gelowiges van vandag vervul. In hierdie gesprekke het die gelowige die vraagsteller ook by die hart van die evangelie uitgebring – die dood en opstanding van Jesus Christus. Dit is immers net op grond van daardie enige offer van Christus dat God vergifnis van sondes en die ewige lewe aan mense sal skenk.

Met die volgende vraag onderbreek die vraagsteller die onderrig wat hy tot dusver ontvang het. Hy vra aan die gelowige 'n baie persoonlike vraag: **Waarom word jy 'n Christen genoem?** Hierdie vraag dwing die gelowige om sy eie lewe in verhouding met Christus te beskou. Die gelowige weet waarom hy 'n Christen genoem word, maar in antwoord op die vraag gaan dit beteken dat hy ook vir homself moet seker maak of sy lewe Christus weerspieël aan sy vraagsteller en ander mense.

Gelowiges is baie maal onder die indruk dat hulle die evangelie van Jesus Christus verkondig net wanneer hulle met ander mense oor die Verlosser praat. Dit is egter net gedeeltelik waar. Iemand wat homself 'n Christen noem verkondig Jesus Christus as die enigste Verlosser ook met sy hele lewe. Dit is onmoontlik om jouself 'n Christen te noem as jy nie ook as 'n Christen lewe nie. Iemand wat homself 'n motorwerktuigkundige noem, maar nie die vaagste benul het van wat in 'n enjin aangaan nie, is beslis nie iemand na wie jy jou motor vir herstelwerk gaan neem nie. So iemand is die naam motorwerktuigkundige nie werd nie.

Daar is baie mense en verskeie instansies wat die naam *Christen* of *Christelik* vir hulleself gee. Daar word gepraat van Christelike skole of Christelike tydskrifte. Wanneer 'n mens egter ondersoek doen na die inhoud van sulke skole of tydskrifte, kom 'n mens agter daar word dinge gedoen en geskryf wat die naam *Christelik* in gedrang bring. Dit lyk of sommige mense hulleself die naam *Christelik* toe-eien om op 'n manier fatsoenlik en aanvaarbaar te wees in die samelewing. Vir hulle is dit net 'n mooi naam waarmee hulle die gelowiges na hulle toe wil aantrek as kliënte en lesers.

Die vraag van die vraagsteller dwing dan elkeen wat homself 'n Christen noem om ook seker te maak dat hy die naam het nie net omdat dit 'n mooi naam is nie. Hy dra die naam *Christen* omdat die Heilige Gees hom innig in Christus gebind het met die ware geloof. Hy dra die naam *Christen* omdat die Heilige Gees hom al sodanig vernuwe het dat sy lewe al meer en meer 'n weerspieëling word van wie Christus werklik is.

Broers, susters en kinders, as ons aandagtig na die antwoord kyk wat die gelowige aan die vraagsteller gee, merk ons op dat hy ses dinge oor ware Christenskap sê. Die eerste drie dinge sê waarom die gelowige 'n Christen genoem kan word – hy is 'n lid van Christus, hy is deur die geloof 'n lid van Christus en hy het as lid van Christus deel aan die salwing met die Heilige Gees. Die ander drie dinge wat die gelowige in die antwoord noem is om te sê hoe word dit sigbaar en hoorbaar dat hy regtig 'n Christen is. Hy is regtig 'n Christen, want hy volg in die voetspore van Christus as 'n profeet, priester en koning.

In vanaand se gesprek gaan die gelowige aan die hand van die eerste drie sake vir sy vraagsteller vertel waarom hy 'n Christen genoem word. As die Here wil sal hy volgende Sondagaand vertel hoe ander mense uit sy woorde en optrede kan agterkom dat hy regtig 'n Christen is.

In die eerste plek sê die gelowige dat hy 'n Christen genoem word omdat hy 'n lid van Christus is. Om die woord *lid* duideliker te maak herinner hy die vraagsteller aan die gesprek wat hulle nog gehad het aan die hand van Sondag 7. Toe het die vraagsteller gevra of alle mense deur Christus salig word soos hulle deur Adam verlore gegaan het, en daarop het die gelowige geantwoord: **Nee, maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem.** Daardie woord *ingelyf* sê dat 'n gelowige deur die ware geloof deel van Christus se liggaam word. Dit is wat ook met die woord *lid* in hierdie antwoord bedoel word.

Christus is die Hoof en die kerk is die liggaam van Christus (1 Kor 12). Dit is die beeld wat die Here self in die Skrif gebruik om die verhouding tussen die kerk en Christus te verduidelik. Elke ware gelowige is 'n lid van die liggaam van Christus. Elke ware Christen is op 'n baie intieme wyse met Christus verbind. En aangesien Hy die Hoof is, behoort die Christen aan Christus. Die naam *Christen* beteken dus dat so 'n mens aan Christus behoort. Dit is onmoontlik om 'n Christen te wees as die gelowige nie in Christus gebind is nie. Met die beeld van die wingerdstok en die lote maak Jesus ook hierdie saak duidelik. As 'n Christen nie aan Christus behoort en innig in Hom gebind is nie, is hy niks.

Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:4-5 AFR53)

Dit is waar Christenskap begin. Die oomblik wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte skenk, bind Hy die sondaar deur die geloof in Christus in. Om 'n Christen te wees beteken dat 'n mens dan innig met Christus verbind is, want die Heilige Gees het jou oortuig dat jy sonder Hom niks is nie. Om die waarheid te sê, sonder Christus is 'n mens dood, soos 'n loot wat nie aan die wingerdstok is nie. Wanneer die Heilige Gees wedergeboorte skenk aan 'n sondaar, gebeur daar 'n wonderwerk. Hy sny die sondaar van die dooie stok af los – van die eerste Adam – en Hy ent daardie dooie loot op die ware wingerdstok – Christus, die tweede Adam. Die loot begin dan lewe, want die wingerdstok groei in hom in en hy groei in die wingerdstok in. 'n Christen is dus iemand wat uit Christus lewendig gemaak is – hy lewe in en vanuit Christus.

In die lig van hierdie duidelik beeld wat Jesus gebruik en op grond van hierdie eerste merkteken van 'n ware Christen, moet elkeen van ons vir onself vra: Is ek 'n ware Christen? Baie mense eien hulleself die naam *Christen* toe, maar hulle lewe lyk nie baie anders as die ongelowiges s'n nie. Hulle sê dat hulle in Christus glo, maar hulle ken Hom nie. Ken ek en jy vir Christus? Ken ons Hom soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar? Weet ons hoe kosbaar Hy is? Vloei sy lewensap in my en jou hart, soos die lewensap van die wingerdstok in die lote?

In die tweede plek sê die gelowige dat hy 'n Christen genoem word omdat hy deur die geloof 'n lid van Christus is. Sonder Christus kan 'n mens nie 'n Christen wees nie en sonder geloof kan 'n mens nie in Christus wees nie. Wanneer die Heilige Gees aan 'n sondaar wedergeboorte skenk, skenk Hy tegelykertyd aan die sondaar die lewendmakende geloof. Indien daar nie geloof is nie, kan daar ook nie 'n verhouding tussen Christus en die Christen wees nie. Geloof is dus die middel waardeur die gelowige Christus in sy lewe ontvang. Geloof is die gawe van die Heilige Gees waardeur die Christen Christus as sy enigste Verlosser kan omhels.

Geloof veroorsaak 'n klomp dinge in die lewe van die gelowige. Geloof maak 'n gelowige sondaar leeg van al sy eie geregtigheid. Deur geloof kom die gelowige agter hoe leeg sy

lewe sonder Jesus is. Geloof lei die gelowige om die waarheid van die evangelie met sy hele hart te aanvaar. Deur die geloof leer die gelowige wat genade regtig is en leer hy Christus werklik ken. Geloof maak dat die gelowige homself geheel en al aan die evangelie onderwerp en by die kruis neerval en God om genade smee. Geloof veroorsaak dat die gelowige weg van homself af kyk en sy oë net op Christus rig. Deur die geloof sê die gelowige: Met leë hande kom ek na U toe, Here, net om Christus as enigste Verlosser te omhels.

’n Christen is iemand wat homself aanhoudend leeg maak van homself, sodat die Heilige Gees hom langer hoe meer kan vol maak met die beeld van Christus. Deur die geloof leef die Christen in ’n al hegter gemeenskap met Christus. Deur die geloof volg hy so naby aan Christus in sy voetstappe dat die skaduwee van die Here altyd oor hom is. En deur die geloof leef hy ook uit Christus uit, want Christus is nie net die fondament van sy regverdiging voor God nie, maar ook die fontein van sy heiligmaking. Geloof is dus van begin tot die einde selfverloëning van die gelowige en ’n verheerliking van Christus. Die kenmerk van ’n gelowige Christen is dus ’n lewe wat deur en deur op Jesus Christus gevestig is om God Drie-enig te verheerlik.

Sonder geloof is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Daarom is ’n vaste geloof kenmerkend van ’n Christen. Dit is uit die genade van geloof wat die Christen aan Christus verbind is wat daartoe lei dat die ander genadegawes, soos liefde, hoop en nederigheid, in die lewe van die Christen groei en toeneem. Sonder Christus is dit geheel en al onmoontlik om ’n Christen te wees. Sonder geloof is dit geheel en al onmoontlik om in en vanuit Christus te lewe. Geloof kan klein en baie swak wees en tog kan dit ware geloof wees. ’n Ware gelowige kan selfs tydelik geloofsonfiks wees, maar hy het geloof. Wanneer die Heilige Gees die gawe van ware geloof gegee het, kan dit nooit weggeneem word nie. Die ware gelowige sal nooit sy geloof verloor nie, want dit is alleen deur die geloof dat hy ’n lid van Christus kan wees – ’n Christen.

Elkeen wat homself ’n Christen noem, moet homself ook afvra of hierdie lewende geloof kenmerkend van sy lewe is. Gebeur met my en jou wat ware geloof in ’n gelowige veroorsaak? Word ons al leër van onself? Doen jy alles in jou vermoë om geloofsiks te bly? Geen Christen kan bekostig om maar net saam te dryf nie. Om geloofsiks te word en te bly vereis dat ’n gelowige homself aan die leiding van die Heilige Gees onderwerp en fiks te word in die Woord van die Here.

In die derde plek sê die gelowige dat hy ’n Christen genoem word omdat hy deur die geloof hom ook laat deel aan die salwing met die Heilige Gees wat op die Hoof van die liggaam gekom het. ’n Innige verhouding deur die geloof met Christus is slegs deur die Heilige Gees moontlik. Tussen Christus en die sondaar is daar ’n hemelsbreë verskil. Daar is hoegenaamd niks in die sondaar wat hom met Christus kan vereenselwig nie. Maar uit sy oneindige groot genade skenk die Vader en die Seun die Heilige Gees aan die sondaar, sodat hy tot geloof kan kom en in ’n innige verhouding met Christus kan lewe.

Hier het ons met ’n geheimenis te doen. Dieselfde Heilige Gees wat in Christus teenwoordig is, is in elke ware Christen ook teenwoordig. Jesus is met die Heilige Gees gesalf en in sy amp as Christus bevestig. As Christus is Hy die Hoof van sy liggaam. Daarom stroom die Heilige Gees van Christus af oor en in elke lid van Christus. As gevolg van hierdie genade van die Vader kan die gelowige sê: Ek word ’n Christen genoem omdat ek deel het aan Christus se salwing.

Die Heilige Gees neem sy intrek in die lewe van die mense vir wie Christus aan die kruis

gesterf het, nie om die gelowige sy eksklusiewe eiendom te maak nie. Die Vader het sy Seun Jesus met die Heilige Gees gesalf om Jesus te bekwaam vir sy amp as Christus. Net so is die salwing van Christus waaraan die gelowige deel het nie 'n doel op sigself nie. Die gelowige het dus deel aan die salwing van Christus nie net om gesalf te wees nie. Die Heilige Gees vestig Homself in die lewe van die gelowige om hom te bekwaam vir sy amp as Christen. Die Heilige Gees plaas Homself nooit in die kollig nie. Hy rig die oë van die gelowige op Christus wat die Lig is – die Lig wat die sondaar deur sy enige offer aan die kruis by die Vader uitbring.

Die Heilige Gees doen dus in en aan die gelowige wat Hy met die doop van die gelowige belowe het. Die Heilige Gees het belowe dat Hy in die gelowige wil woon en die gelowige tot lidmaat van Christus wil heilig deur alles wat Christus verwerf het die eiendom van die gelowige te maak. En deur die leiding van die Heilige Gees is die gelowige toegerus en bekwaam om profeet, priester en koning in diens van Christus en die Vader te wees. As die Here wil sal ons volgende Sondag hoor hoe 'n Christen profeet, priester en koning is.

Hulle wat hulleself Christene noem, moet in die lig hiervan vra: Is die salwing met die Heilige Gees net 'n statussimbool vir my waarmee ek spog? Onderwerp ek my regtig aan die leiding van die Heilige Gees wat Hy uit die Woord aan my gee? Bid ek nog aanhoudend en smeeek God dat Hy aan my die Heilige Gees en genade sal skenk? Dit is immers onmoontlik om te bly glo as die Heilige Gees nie in 'n mens werk nie. Sonder geloof kan 'n gelowige nie in Christus wees en uit Hom lewe nie. En sonder Christus kan 'n mens nie 'n Christen wees nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^oaan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^oof offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^oen ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Maart 2017